REKENINGKUNDE HG **NOVEMBER 2007**

ALGEMENE KOMMENTAAR

1. Sommige leerders sukkel om die vraestel binne die drie uur tydeperk te voltooi.
2. Baie leerders toon nie bewerkings en berekeninge tussen hakkies nie en verloor dus gedeeltelike punte.
3. Oor die algemeen het kandidate gesukkel om die interpretasie in alle vrae te beantwoord.

VRAAG 1 BANKVERSOENING

Hierdie vraag is oor die algemeen goed beantwoord. Baie min kandidate het geweet hoe om die voor-uitgedateerde tjek (1.4) te hanteer en sommige kandidate het die inligting verkeerdelik geïnterpreteer en het vraag 1.6 swak beantwoord.

VRAAG 2 KONTANTBEGROTING

Die vraag is oor die algemeen goed beantwoord. Sommige kandidate se berekeninge vir vrae 2.2 en 2.4 is swak beantwoord.

VRAAG 3 VENNOOTSKAP EN BATEVERKOPE

Die grootboekrekeninge is swak beantwoord en baie kandidate het vreemde items of die verkeerde kontra-rekeninge getoon.

Die interpretasie vrae oor die vennootskap se opbrengs (vraag 3.3) is swak beantwoord.

VRAAG 4 KLUBS EN PERIODIEKEVOORRAAD-STELSEL

Hierdie vraag is oor die algemeen goed beantwoord. Sommige kandidate kon nie die korrekte kontra-rekeninge in die grootboekrekeninge toon nie.

VRAAG 5 BESLOTE KORPORASIES

Hierdie vraag is oor die algemeen goed beantwoord. Baie kandidate het nie die effek van die inkomste of uitgawe op die netto wins getoon nie. Baie kandidate het punte verbeur vir die formaat van die Balansstaat.

VRAAG 6 MAATSKAPPYE

Kontantvloeistaat

Die berekeninge van die ontbrekende bedrae is swak beantwoord.

Verhoudings en interpretasie

Baie kandidate kon die berekeninge van die finansiële verhoudings doen maar was nie altyd seker van die interpretasie daarvan nie.